



Esegiël 37 is een van daardie meer vreemde tekste in die Bybel. Dit laat mens dink aan die musiek video van Michael Jackson – Thriller (Van dooie mense wat uit grafte opstaan). Die dat Joodse kindertjies nie toegelaat is om die gedeeltes te hoor of te lees sonder die teenwoordigheid van hulle ouers nie. Die teks benodig "Parental Guidance!"

Kom ons bekyk die verhaal van nader:

"Dit is klaar met ons!" So dink Israel oor hulleself. Dit is hulle ervaring daar in Babel: verwarring; moedeloosheid; magteloosheid; hopeloosheid. Voordat Jerusalem geval het, het hulle waarskynlik nog 'n bietjie hoop gehad dat daar 'n wending kan kom in hulle situasie, in hulle droewe lot. Hulle het gehoop dat dinge kan verander en hulle sou kon teruggaan na hulle land toe. Maar toe kom die noodlottige berig deur [Eseg:33:21]: Jerusalem het ook in hande van die Babiloniërs geval. Hulle het geweet: dit is die einde. Nou het hulle geen hoop meer nie.

Dan vra die Here vir die profeet: "Kan daar in hierdie bene weer lewe kom?" Met ander woorde: glo jy dat God die situasie nog kan omkeer?

'n Mens herken hierdie vraag. Daar is meer plekke in die Bybel wanneer hierdie vraag vir mense gevra word. Soos aan Abraham en Sara in Gen 18:14. Toe was die vraag: kan daar 'n kind gebore word vir 'n man wat 100 jaar oud is en 'n vrou wat amper 100 en boonop nog onvrugbaar ook is? Telkens in die Bybel, wanneer mense staan voor situasies wat menslik gesproke onmoontlik en onomkeerbaar is, hoor ons die vraag: Sal iets vir God onmoontlik wees? [Is iets te buitengewoon vir die Here?]

Esegiël antwoord versigtig; baie versigtig! 'n Mens hoor in sy antwoord dat hy vir die Here wil sê: Here, wat myself betref, menslik gesproke, is my antwoord "nee". Menslik gesproke dink ek nie daar is 'n kans dat so iets kan gebeur nie. Maar aan die ander kant glo ek tog in u almag, Here. Dit is net dat ek nie weet wat ek in hierdie situasie van u almag kan verwag nie! Probeer hy die vraag ontwyk – of is dit tog wat iemand noem 'n versigtige belydenis wat ons hoor wanneer hy vir die Here sê: "Dit weet net U, Here my God"?

God gee self die antwoord wanneer Hy die beeld in in vers 12-14 verklaar. Ja, dit is wel moontlik. Dit is natuurlik moontlik! Die onmoontlike gaan inderdaad gebeur. Ek gaan uit die dood lewe skep [Die beeld van die graf en lewe uit die dood in vers 12 en 13 is in 'n sin 'n tweede beeld wat die eerste verder verklaar]. Ek gaan die skynbaar onmoontlike doen, sê die Here. Ek gaan vir Israel laat terugkeer na hulle land. Ek sal aan hulle nuwe lewe gee, 'n spinternuwe begin. Ook 'n nuwe hart en 'n nuwe gees – sodat hulle My sal wil dien, sê Eseg 36:26.

Ons ken die ervaringe...

"Dit is klaar met ons". Dit is 'n uitdrukking wat ons ken. Wanneer 'n mens voel dat jy nou regtig aan die einde van jou "lyntjie" gekom het, dan sê jy: "Ek is klaar!"

Wanneer ons ook in situasies kom of voor situasies gestel word wat oënskynlik hopeloos is, dan vra ons vir onself as gelowiges: Wat beteken glo nou? Wat kan ek nou verwag? Wat kan ek nou van God verwag? Glo ek regtig dat God nou nog 'n verskil kan maak? Kan ons ouers se huweliksverhouding regtig herstel – ten spyte van wat gebeur het?

- Sal my vriend/vriendin weer êrens die pad na die Here toe terugvind?
- Sal die persoon ooit volkome kan loskom van die verslawing aan die drank/dwelms?
- Sal die kilheid en wantroue wat daar tussen my en my vriend/vriendin ontstaan het ooit verdwyn?
- So sal ons elkeen die lysie kan langer maak...

Ons glo dat dit die Gees is wat nuwe lewe kan bring in iets wat dood is. God se Gees/Sy asem blaas nuwe lewe in mense/situasies ens. wat dood is. Dit beteken: ek glo dat die krag van God 'n verandering kan bring in selfs die mees hopelose situasie. Natuurlik beteken dit nie dat God altyd die verandering gaan bring soos ek dit wou hê nie. Soms herstel die huwelik nie. Soms kom daar nie 'n draaipunt nie.



- Maar nooit mag ons ophou om rekening te hou met daardie krag van God wat nuwe moontlikhede in hopelose situasies kan skep nie.
- Ook die nuwe moontlikheid van krag en volharding ten spyte daarvan dat dinge nie verander soos ek wou hê nie .

Hoe doen die Gees dit?

Soos 'n leeu wat haar leeuwelpie aan die nekvelle neem, neem God vir Esegïel uit die situasie en sit hom neer om te kyk.

Deur stilte en afsondering – refleksie

Deur ons denke te vernuwe

Deur mense wat ons begelei

Deur "awareness"

Gees se eie unieke maniere

kleingroep

Tuiskoms:

As jy jou lewe tans moet vergelyk met 'n boot, watter tipe boot sal dit wees? Roeiboot, passasierskip, "speedboat", duikboot ens

Groepsgesprek:

- Wat het jou geraak van Sondag-aand se diens?
- Wat het jy gehoor wat bevestig is in jou verstaan van die Heilige Gees?
- Wat het jou gehelp om nuut te dink oor die Heilige Gees?
- Wat beteken dit alles (wat ons gehoor het in die preek en gedeel het met mekaar in ons gesprek) vir my elke dag se leef met die Heilige Gees?

Sluit af...

Sluit af





Esegiël 37 is een van daardie meer vreemde tekste in die Bybel. Dit laat mens dink aan die musiek video van Michael Jackson – Thriller (Van dooie mense wat uit grafte opstaan). Die dat Joodse kindertjies nie toegelaat is om die gedeeltes te hoor of te lees sonder die teenwoordigheid van hulle ouers nie. Die teks benodig "Parental Guidance!"

Kom ons bekyk die verhaal van nader:

"Dit is klaar met ons!" So dink Israel oor hulleself. Dit is hulle ervaring daar in Babel: verwarring; moedeloosheid; magteloosheid; hopeloosheid. Voordat Jerusalem geval het, het hulle waarskynlik nog 'n bietjie hoop gehad dat daar 'n wending kan kom in hulle situasie, in hulle droewe lot. Hulle het gehoop dat dinge kan verander en hulle sou kon teruggaan na hulle land toe. Maar toe kom die noodlottige berig deur [Eseg:33:21]: Jerusalem het ook in hande van die Babiloniërs geval. Hulle het geweet: dit is die einde. Nou het hulle geen hoop meer nie.

Dan vra die Here vir die profeet: "Kan daar in hierdie bene weer lewe kom?" Met ander woorde: glo jy dat God die situasie nog kan omkeer?

'n Mens herken hierdie vraag. Daar is meer plekke in die Bybel wanneer hierdie vraag vir mense gevra word. Soos aan Abraham en Sara in Gen 18:14. Toe was die vraag: kan daar 'n kind gebore word vir 'n man wat 100 jaar oud is en 'n vrou wat amper 100 en boonop nog onvrugbaar ook is? Telkens in die Bybel, wanneer mense staan voor situasies wat menslik gesproke onmoontlik en onomkeerbaar is, hoor ons die vraag: Sal iets vir God onmoontlik wees? [Is iets te buitengewoon vir die Here?]

Esegiël antwoord versigtig; baie versigtig! 'n Mens hoor in sy antwoord dat hy vir die Here wil sê: Here, wat myself betref, menslik gesproke, is my antwoord "nee". Menslik gesproke dink ek nie daar is 'n kans dat so iets kan gebeur nie. Maar aan die ander kant glo ek tog in u almag, Here. Dit is net dat ek nie weet wat ek in hierdie situasie van u almag kan verwag nie! Probeer hy die vraag ontwyk – of is dit tog wat iemand noem 'n versigtige belydenis wat ons hoor wanneer hy vir die Here sê: "Dit weet net U, Here my God"?

God gee self die antwoord wanneer Hy die beeld in in vers 12-14 verklaar. Ja, dit is wel moontlik. Dit is natuurlik moontlik! Die onmoontlike gaan inderdaad gebeur. Ek gaan uit die dood lewe skep [Die beeld van die graf en lewe uit die dood in vers 12 en 13 is in 'n sin 'n tweede beeld wat die eerste verder verklaar]. Ek gaan die skynbaar onmoontlike doen, sê die Here. Ek gaan vir Israel laat terugkeer na hulle land. Ek sal aan hulle nuwe lewe gee, 'n spinternuwe begin. Ook 'n nuwe hart en 'n nuwe gees – sodat hulle My sal wil dien, sê Eseg 36:26.

Ons ken die ervaringe...

"Dit is klaar met ons". Dit is 'n uitdrukking wat ons ken. Wanneer 'n mens voel dat jy nou regtig aan die einde van jou "lyntjie" gekom het, dan sê jy: "Ek is klaar!"

Wanneer ons ook in situasies kom of voor situasies gestel word wat oënskynlik hopeloos is, dan vra ons vir onself as gelowiges: Wat beteken glo nou? Wat kan ek nou verwag? Wat kan ek nou van God verwag? Glo ek regtig dat God nou nog 'n verskil kan maak? Kan ons ouers se huweliksverhouding regtig herstel – ten spyte van wat gebeur het?

- Sal my vriend/vriendin weer êrens die pad na die Here toe terugvind?
- Sal die persoon ooit volkome kan loskom van die verslawing aan die drank/dwelms?
- Sal die kilheid en wantroue wat daar tussen my en my vriend/vriendin ontstaan het ooit verdwyn?
- So sal ons elkeen die lysie kan langer maak...

Ons glo dat dit die Gees is wat nuwe lewe kan bring in iets wat dood is. God se Gees/Sy asem blaas nuwe lewe in mense/situasies ens. wat dood is. Dit beteken: ek glo dat die krag van God 'n verandering kan bring in selfs die mees hopelose situasie. Natuurlik beteken dit nie dat God altyd die verandering gaan bring soos ek dit wou hê nie. Soms herstel die huwelik nie. Soms kom daar nie 'n draaipunt nie.



- Maar nooit mag ons ophou om rekening te hou met daardie krag van God wat nuwe moontlikhede in hopelose situasies kan skep nie.
- Ook die nuwe moontlikheid van krag en volharding ten spyte daarvan dat dinge nie verander soos ek wou hê nie .

Hoe doen die Gees dit?

Soos 'n leeu wat haar leeuwelpie aan die nekvelle neem, neem God vir Esegïel uit die situasie en sit hom neer om te kyk.

Deur stilte en afsondering – refleksie

Deur ons denke te vernuwe

Deur mense wat ons begelei

Deur "awareness"

Gees se eie unieke maniere

kleingroep

Tuiskoms:

As jy jou lewe tans moet vergelyk met 'n boot, watter tipe boot sal dit wees? Roeiboot, passasierskip, "speedboat", duikboot ens

Groepsgesprek:

- Wat het jou geraak van Sondag-aand se diens?
- Wat het jy gehoor wat bevestig is in jou verstaan van die Heilige Gees?
- Wat het jou gehelp om nuut te dink oor die Heilige Gees?
- Wat beteken dit alles (wat ons gehoor het in die preek en gedeel het met mekaar in ons gesprek) vir my elke dag se leef met die Heilige Gees?

Sluit af...

Sluit af

